
# God se guns (4)



**2023-10-08 AGS Rayton**
**Past Gustav van Aardt**

1

## God se straf of guns?







Jes 53:6 Ons almal het gedwaal soos skape, ons het elkeen sy eie pad geloop; maar die HERE het die ongeregtigheid van ons almal op Hom laat neerkom.

2

God se guns en seën is beskikbaar.

Die Bybel gee vir ons instruksies.



3

## Skrifgedeelte: Gen 39:1-6

Gen 39:1 En Josef is afgebring na Egipte; en Pótifar, 'n hofdienaar van Farao, die owerste van die lyfwag, 'n Egiptiese man, het hom gekoop uit die hand van die Ismaeliete wat hom daarheen afgebring het.
Gen 39:2 En die HERE was met Josef, sodat hy 'n voorspoedige man was; en hy het in die huis van sy heer, die Egiptenaar, gebly.
Gen 39:3 En toe sy heer sien dat die HERE met hom was, en dat die HERE alles wat hy doen, in sy hand voorspoedig maak,
Gen 39:4 het Josef guns in sy oë gevind en hom gedien; en hy het hom aangestel oor sy huis, en alles wat in sy besit was, aan hom oorgegee.
Gen 39:5 En vandat hy hom aangestel het oor sy huis en oor alles wat in sy besit was, het die HERE die huis van die Egiptenaar geseën ter wille van Josef; ja, die seën van die HERE was by alles wat syne was, in die huis en op die veld.
Gen 39:6 En hy het alles wat syne was, aan Josef oorgelaat, sodat hy met sy hulp van niks kennis geneem het nie as net van die brood wat hy geëet het. En Josef was skoon van gestalte en mooi van aansien.

4

## Voorspoedig – in alle omstandighede

- Josef word gekoop deur Potifar (hofdienaar van Farao)
- Josef is nie meer vry nie. (‘n slaaf)
- Tog maak die Here Josef voorspoedig.
- Hy ervaar bonatuurlike guns en seëninge
- Hy word ‘n suksesvolle en voorspoedige man.
- Woon selfs in die huis van sy meester.

Gen 39:2 En die HERE was met Josef, sodat hy ‘n voorspoedige man was; en hy het in die huis van sy heer, die Egiptenaar, gebly.

5

## Voorspoedig – in alles wat Josef doen

- Die Here was met Josef gewees.
- Josef ervaar voorspoed in alles wat hy doen.
- Josef verkry selfs guns by Potifar (wie se slaaf hy is).
- Hy begin om al Potifar se sake te hanteer.
- Josef hanteer alles wat Potifar besit.

Gen 39:3 En toe sy heer sien dat die HERE met hom was, en dat die HERE alles wat hy doen, in sy hand voorspoedig maak,
Gen 39:4 het Josef guns in sy oë gevind en hom gedien; en hy het hom aangestel oor sy huis, en alles wat in sy besit was, aan hom oorgegee.

6

# Voorspoedig – dit loop oor na ander toe

- Die voorspoed van die Here behoort oor te spoel na ander rondom ons.



**Gen 39:5** En vandat hy hom aangestel het oor sy huis en oor alles wat in sy besit was, het die HERE die huis van die Egiptenaar geseën ter wille van Josef; ja, die seën van die HERE was by alles wat syne was, in die huis en op die veld.

7

# Voorspoed – teen die verwagting

- Selfs nadat Josef verkoop is as 'n slaaf.
- God se guns en seën het saam met Josef beweeg.
- Selfs in 'n vreemde land, verwyderd van sy familie, huis, en vriende.
- Uiteindelik het ons slegs en alleenlik die Here nodig.
- Niks kan ons skei van Sy liefde nie.

Rom 8:35 Wie sal ons skei van die liefde van Christus verdrukking of benoudheid of vervolging of honger of naaktheid of gevaar of swaard?

8

## Die vyand se aanslae

- Die vyand laat ons nie sommer met rus nie.
- Hy soek geleenthede om ons van God weg te trek en te versoek.
- Die versoeking gaan kom om met die sonde gemeenskap te hou.

Gen 39:7  Ná hierdie dinge het die vrou van sy heer haar oë na Josef opgeslaan en gesê: Kom hou gemeenskap met my.

- Josef het egter geweier om te sondig.

9

## Goedheid en Guns bly vir Josef volg!!

Gen 39:20  en die heer van Josef het hom laat vang en hom in die gevangenis gesit op die plek waar die gevangenes van die koning opgesluit was; en hy was daar in die gevangenis. Gen 39:21  Maar die HERE was met Josef, en Hy het goedertierenheid aan hom bewys en hom guns verleen in die oë van die owerste van die gevangenis.



Psa 23:6  Net goedheid en guns sal my volg al die dae van my lewe; en ek sal in die huis van die HERE bly in lengte van dae.

10

## Sleutels om die Here se guns te ontvang:

1. Getrouheid
- Jy sal naby die Here woon.
- Vrug van die Gees

Psa 101:6 My oë sal wees op die getroues in die land, dat hulle by my kan woon;

11

## Sleutels om die Here se guns te ontvang:

1. Getrouheid
- Jy sal naby die Here woon.
- Vrug van die Gees

2. Opregtheid
- Harte wat gerig is op die Here.
- Geregtigheid (Righteous)

Psa 101:6 My oë sal wees op die getroues in die land, dat hulle by my kan woon; hy wat wandel in die weg van opregtheid, dié mag my dien.

2Kron 16:9 want die HERE—sy oë deurloop die hele aarde om diegene kragtig te steun wie se hart onverdeeld op Hom gerig is; hierin het u dwaas gehandel, want van nou af sal daar oorloë teen u wees. (Afr 53)

12

## Sleutels om die Here se guns te ontvang:

3. Eerlikheid en waarheid
- Vertel ons leuens?
- Integriteit en etiese waardes.
- Ons mag die voorreg verloor om naby die Here te bly.

Psa 101:7 Hy wat bedrog pleeg, mag binne-in my huis nie bly nie; wie leuens praat, kan voor my oë nie bestaan nie.

13

## Sleutels om die Here se guns te ontvang:

4. Soek die Here se teenwoordigheid.
- Is ons in verhouding met God?
- Soek ons eerste Sy koninkryk?
- Soek ons eerste Sy geregtigheid?
- Die Here was by Josef gewees.

Gen 39:2 En die HERE was met Josef, sodat hy 'n voorspoedige man was

Mat 6:33 Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word.

14

## Sleutels om die Here se guns te ontvang:

5. Blydskap in die Here
- Bied beskerming



**Neh 8:11** .....Wees dan nie bedroef nie, want die blydskap in die HERE—dit is julle beskutting.





15

## Sleutels om die Here se guns te ontvang:

6. 2 Kron 7:14
- Verootmoedig (humble)
- Bid
- Soek die Here
- Bekering

2Kron 7:14 en my volk, oor wie my Naam uitgeroep is, hulle verootmoedig en bid en my aangesig soek en hulle bekeer van hul verkeerde weë, dan sal Ék uit die hemel hoor en hulle sonde vergewe en hulle land genees.

16

## Sleutels om die Here se guns te ontvang:

7. Saai in God se koninkryk.

Mal 3:8 Mag 'n mens God beroof? Want julle beroof My, en julle sê: Waarin het ons U beroof? In die tiendes en die offergawe.
Mal 3:9 Met die vloek is julle belaai, en tog beroof julle My, julle, die hele nasie!
Mal 3:10 Bring die hele tiende na die skathuis, sodat daar spys in my huis kan wees; en beproef My tog hierin, sê die HERE van die leërskare, of Ek vir julle nie die vensters van die hemel sal oopmaak en op julle 'n oorvloedige seën sal uitstort nie.
Mal 3:11 Ek sal ook die sprinkaan vir julle afweer, sodat hy die opbrings van julle grond nie sal verwoes nie; ook die wynstok op die land sal vir julle nie onvrugbaar wees nie, sê die HERE van die leërskare.

17

## Afsluiting

Gal 1:10 Soek ek dan nou die guns van mense, of van God? Of probeer ek om mense te behaag? As ek nog mense behaag, dan sou ek nie 'n dienskneg van Christus wees nie.




Mat 22:37 En Jesus antwoord hom: Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. 38 Dit is die eerste en groot gebod. 39 En die tweede wat hiermee gelykstaan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.

18